

Dis 'n nuwe jaar met wonderlike nuwe geleenthede en avonture!

Mag die Here jou omarm en Sy goedheid en guns oor jou uitstort plus die nodige krag, wysheid en insig gee vir die struikelblokke en uitdagings langs die besige pad. Mag ons KIES om elke dag aan te gryp as 'n geleentheid om voluit te leef en 'n verskil te maak.♪

Carpe Diem, Seize the day, Gryp die dag aan!



"Vandag sal ek my so gedra asof dit die dag is waarvoor ek onthou sal word."

DR. SUSS

NUUSKRUMMELS: 10 Januarie 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:



DINAMIET KIEDZ & BELOFTELAND

Geagte ouers en ondersteuners

Welkom terug, ons sien uit na hierdie nuwe jaar. Eerste kwartaal se program is onderaan Nuuskrummels. Ons wil u bedank vir al u ondersteuning en liefde in 2018. Daar is te veel om op te noem, maar ons wil graag vir Tannie Marquerite Kies en haar Snuffelmarkgroep uitsonder en uit ons harte bedank vir die wonderlike skenking vir ons nuwe projektor. Dit werk soos 'n droom.



Ons kinderkerk begin weer Sondag en ons groepleiers is gereed en opgewonde om tyd met u kinders te spandeer. Ons kinderkerk is 'n plek waar ons kinders help om God deur middel van die Bybel te leer ken, die Bybel te waardeer, respekteer en te gebruik. Ons wil graag kinders leer hoe om 'n verhouding met Jesus Christus te hê en te bou. Ons is ook daar om die kinders deel van die kerk te maak, waar hulle op hulle eie manier die geestelike kos deur musiek, sang en speletjies sal ervaar en die liefde wat hulle hier ontvang sal onthou. Ons kleuterkerk is 'n volwaardige bediening met 'n boodskap elke week, want niemand is te klein om van Jesus te leer nie, daarom wil ons graag hê dat alle kiedz hulle Bybels elke Sondag sal saam bring. Ons sal ook Bybels voorsien waar nodig.

BELANGRIK: Ons het u as ouers se ondersteuning nodig. Ons is met julle in 'n vennootskap t.o.v. die verantwoordelikheid vir u kinders se geestelike opvoeding. Bywoning mag nie afhanklik wees van of die kind daarna voel of nie. Deel van grootword is om partykeer te moet doen waarvoor ons nie lus is nie, maar wel groei bewerkstellig. Dit is belangrik om op jong ouderdom goeie geestelike gewoontes en gedrag te leer. Bywoning kweek by hulle respek en dissipline in die aanbidding van God en die leer van Sy Woord. Ons het tog almal doopbeloftes afgelê om ons kinders geestelik te versorg.

Ons wil graag elke kwartaal betrokke raak by 'n liefdadigheidsprojek om te kan oorgee, omgee en aangee. Die eerste kwartaal is: **Peter Hoogbaard se CEF kinderbediening in Macassar. Kinders kan die hele kwartaal ou skryfbehoeftes en Kinderbybels saambring wat dan aan die einde van die kwartaal oorhandig sal word.**

Ons benodig nog so 2 groepleiers op aflos basis en een wat elke 2de week kan help by Gr 3. Kom sluit gerus aan by ons wonderlike, passievolle groepie leiers. Ons is waarlik 'n familie.

Dankie en baie seëninge vir 2019. Kontak ons gerus indien u enige vrae het.

Vriendelike groete
Karin Kuys (083 643 0653 of karinkuys@gmail.com)
Diensbaar vir Jesus

GEBEDSKURSUS:



Ons Gebedskursus is gratis en word elke Donderdagoggend @ 09h00 aangebied. Dit begin weer op 2 Februarie. Kom woon dit asb by, jy sal nie spyt wees nie.

Kom reis saam om God te ontmoet, deur Hom verander te word en jou roeping te ontdek.

Kom leer ook hoe om die Bybel effektief te gebruik om met God te kommunikeer en Sy stem te hoor vanuit Sy lewende Woord.



Navrae of registrasie vir kursus: kontak Kerkkantoor @ 021 853 5991

IS GEBED REGTIG NODIG?

Die vraag is: Het 'n soewereine, almagtige God ons gebede werklik nodig, kan dit herlewing bring, genesing bewerkstellig, reën laat kom. In Esegieël 22: 30 –31 lees ons: “Ek het iemand tussen julle gesoek wat 'n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig sou word nie, maar ek het NIEMAND gekry nie”.

Die implikasies hiervan is ontsagwekkend. God se heiligheid weerhou hom om sonde te verskoon, In sy groot liefde soek God mense wat vir hom beskikbaar is, as voorbidders en werkers in Sy wingerd.

In Gen. 18:16 – 33 pleit Abraham vir Sodom en Gomorra en God is bereid om te luister. Dutch Sheets sê: Die gebede van God se heiliges is die aandeel kapitaal waarmee God Sy groot werk op aarde doen.

In 1 Konings 18:1 lees ons dat God vir Elia beveel: Gaan na Agab toe moenie langer wegkruip nie. Ek wil weer in die land laat reën. Tog bid Elia sewe keer voor dit begin reën. Elia se gebed moes God se plan in werking stel. Jakobus 5:17-18 verduidelik dit – God verkies mense deur wie Hy kan werk. Jakobus 5:16b sê vir ons: Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking...

Jack Hayford sê: Gebed is in wese 'n vennootskap tussen God en die verlore kind van God, wat saam werk om God se verlossingsplan op aarde te verwesenlik. **Wil jy in vennootskap met God wees?** Indien ja – soek beloftes in die Woord waar God belowe Hy luister na ons gebede.

Byvoorbeeld:

Ps. 4:4(b) Die Here hoor as ek na Hom roep.

Ps. 34:18 As die regverdiges om hulp roep hoor die Here hulle en red hulle uit al hul benoudhede.

1 Petrus 3:12. Die Here sorg vir die opregtes en luister na hulle hulpgeroep.

1 Johannes 14-15

Inhoud van Gebedskursus:

Deel 1: 'N ONTMOETING MET GOD

1. Die drumpel

2. 'n Oop deur

Deel 2: SIEN

3. Die weg van sien

4. God se troonkamer

Deel 3: KEN

5. Deur liefde geroep

6. Berou

7. Die Skrif en gebed

8. Luisterende gebed

Deel 4: GAAN

9. Intersessie

10. Die Onse Vader

11. Beleef die teenwoordigheid van God

12. Leef in die teenwoordigheid van God

GESELS MET DIE HERE

BELYDENIS (Die Twaalf Artikels)

ONSE VADER

The prayers of the saints are affairs of the heart.

-David Adam, The Cry of the deer-

Om God te ken, is die hart van Christenskap.

Sentraal in hierdie kennis is die praktyk van gebed. Die uitdaging lê eintlik in die praktiese toepassing daarvan. God word sigbaar deur wat mense sê, wie hulle is, hoe hulle leef, en hoe hulle as gestuurdes optree. Die kerk as organisasie, met sy byeenkomste, programme, en aksies is nie waaroor geestelikheid gaan nie, tog is dit die deur na geloof vir die meeste mense. “Spiritualiteit” is 'n “in” woord. Hoe omstredende hierdie term ook mag wees, beskryf dit 'n soeke en honger na geestelike ervaring in 'n kultuur van verslawing aan materiële besittings. Materialisme is nie in staat om betekenis, doel en ware vreugde te voorsien nie. Ons verlang na 'n lewe wat sin maak, 'n lewe van betekenis, wat doelgerig geleef word. Die huidige belangstelling in spiritualiteit bevestig die behoefte aan 'n lewe wat meer verwag as slegs die opswaai van die ekonomie.

Ons Gemeentes moet sentrums wees van geestelike groei en vitaliteit.


Daarom is dit waar wat John Michael Talbor sê:

“We cannot evangelize until we have been evangelized. This happens most powerfully through solitary prayer.
Daar is geen beter manier as gebed waardeur Christene hulle geloof met ander kan deel nie.

Bronne: Krag van intredende gebed; Dutch Sheets; CUM.

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING**ARBEIDSBEDIENING SE VRUGTEMARK 27-01-2019**

Die vrugteverkoop, koffiekroeg ens. ens. van ARBEIDSBEDIENING vind vanjaar by Strand NG Kerk (Moedergemeente) op Vrydag 27 Januarie om 8:30 plaas en is die hoofbron van ons inkomste om die Woordverkondiging in die besigheid-areas van die Helderberg omgewing te bedryf. Die terugvoer uit die voorsieningsgebiede is dat die gehalte vrugte en groente vanjaar baie beter is as verlede jaar. U ondersteuning van 'n Christelike organisasie is vir ons van groot belang. Kom asseblief!! Jan van den Berg (ARBEIDSBEDIENING HELDERBERG AREA) 021-853-1631 of 076-134-7780, Milnerstr 6A, Strand



FJB Recycling & Maintenance

Zjahn Vorster
078 800 9113
kjb.zjahn@gmail.com
086 274 2486

We collect Paper, Plastic and Cardboard for recycling in Strand for FREE (contact us for other areas). We also provide the service of destruction/shredding of all paperwork free of charge.

Contact us to quote you on waste/bin area management! Contact us for more information, our list of collectable recyclables or to arrange collection.

KNIEWERK

- ✦ Ons innige meegevoel met Aletta van Rensburg en familie met die heengaan van haar man Donald
- ✦ Ons innige meegevoel met Koos Mostert en familie met die heengaan van sy vrou Kittie
- ✦ Ons innige meegevoel met Elfie du Toit en familie met die heengaan van haar mamma.
- ✦ Yvonne Blom - borskanker
- ✦ Johan Strydom – kanker
- ✦ Marie van der Spuy vir spoedige en volkome herstel na operasie

**NUWE KERKSEISOEN: EPIFANIE**

Wat is Epifanie? Dit wentel rondom die epifaniefees, wat die eerste keer op 'n Sondag gevier is en al van die tweede eeu af op 6 Januarie gevier word. In dié fees gaan dit oor die "verskyning" of "Godsverskyning" en die naam word herlei van die Latynse Epiphanie (of Theo-phanie) vanuit die Griekse "epiphaneia" en "theophaneia", wat op God se verskyning/manifestasie, in Jesus dui. Belangrike motiewe in dié seisoen is lig (wat nie uitgedoof kan word nie), water (wat lewe gee), identiteit, roeping (om tot seën te wees vir ander) en (uitbundige) vreugde. Met Epifanie en op Verheerlikingsondag is die kleur wit of wit en goud (om die geskenke wat die wyse manne gebring het en Gods heerlikheid uit te beeld). Tussendeur kan groen gebruik word om die groei in die kerk se uitreik in die wêreld in te simboliseer. **Lees meer hieroor op ons webtuiste of klik op hierdie skakel:** <https://www.lourensrivier.co.za/index.php/kerkseisoene/284-epifanie>

FOKUSTEKS VAN WEEK: JES 43:1-7 (1STE WEEK NA EPIFANIE – ANDRE THIART)

Om die volle betekenis hiervan te verstaan, moet ons die situasie waarin ons teks afspeel goed verstaan. Toe die weermag van Babilonië Jerusalem finaal in 587 v.C. verwoes het, is koning Sedekia se seuns voor sy oë doodgemaak (Sedekia was 'n direkte afstammeling van Dawid). Daarna is hy sy sig ontnem en verban. So het die Dawid-linie van afstamming na 400 jaar tot 'n einde gekom. Terselfdertyd is Salomo se tempel, wat vir meer as 350 jaar die sentrum van Israel se godsdiens was, verwoes. Sodoende het die priesterdiens tot 'n einde gekom, die instrument waardeur tot God genader en God se teenwoordigheid by die volk sigbaar was. Die land Israel, deur God aan Abraham belowe vir 'n uitverkore volk het onder die beheer van 'n vreemde heidense nasie gekom. Israel se hele selfverstaan as God se volk met 'n tempel, wat God se teenwoordigheid beteken, en 'n land waar hulle God kon dien, is verwoes. Dit het pynlike vroe opgeroep oor wat dit beteken om God se uitverkorenes te wees, die draers van God se bedoelinge vir die wêreld. Terwyl die Babiloniërs die leiers weggevoer het in ballingskap, en die gewone mense agtergelaat is om vir hulself om oorlewing te veg, moes hulle met verskeie vroe worstel: Waarom gebeur dit met ons? Hoe lyk ons toekoms nou? Waar is die Here in al hierdie dinge wat gebeur? Miskien is Marduk, die beskermgod van Babilonië, eintlik die ware god in beheer van die ganse wêreld? **Die begin van vers 4 maak die stelling waarom die hele gedeelte draai:** "Omdat jy vir My kosbaar is, omdat Ek jou hoog ag en jou liefhet, gee Ek mense in jou plek, volke in ruil vir jou lewe." Die Here se voortgaande versorging van die bannelinge is gewortel in die Here se diep liefde vir Israel, wat vir Hom kosbaar is. Hulle word na die heilige land teruggebring om as God se lig vir die nasies te dien, want baie ken nog nie die reddende krag van hierdie God nie. Waar die bannelinge in hierdie teks die verstommende genade van God ontmoet, het ons as Nuwe Testamentiese gelowiges soveel meer hiervan gesien as hulle. Ons het Jesus ontmoet, die Seun van God wat mens geword het om in ons plek gehoorsaam en getrou te wees aan die Vader. Met sy opofferende gehoorsaamheid het Hy die pad vir ons oopgebreek na God toe. Ons wat op grond van God se verkiesende liefde en deur geloof in Jesus Christus God se seuns en dogters geword het, die grootheid van God se genade gesien het, ons word nou geroep om die eer en heerlikheid van God te vertoon. Ons word geroep om van God te getuig, God se liefde uit te straal, onder alle omstandighede om vuur en water oor ons pad. Ons het boonop die vuur van die Gees ontvang wat ons bemagtig om God te dien.

"Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne" Jes. 43:1

"Ek het jou naam in my handpalms gegraveer" Jes 49:16

DINAMIET KIEDZ & BELOFTELAND, LOURENSRIVIER GEMEENTE

Jenningsstraat 55, STRAND; Tel: 021 853 5991


www.lourensrivier.co.za

FB: Lourensriversemense EN Dinamiet Kiedz



PROGRAM: 1ste KWARTAAL (13 Januarie tot 10 Maart 2019)
Belofteland (3-6 jr) & Graad 1 - Graad 7 (08:45 - 10:15)

Lesmateriaal van KidsXpress wat hierdie jaar gebruik word:	Skole open	09/01/2019	Wo.
Belofteland: Verkleurmannetjies Die Evangelie word d.m.v. kleure aan die kleuters oorgedra! Outeur: Riana Anderson en Chrissie Kritzinger Illustrasies deur Liesel Bekker Graad 1: Oppad met Jesus (saam met BlinkBen) Graad 2: Eendag as ek groot is Graad 3: Ken jy vir Jesus Graad 4: Groei, groei, groei Graad 5: Survivor Israel Graad 6: Amazing Race @ Kruis Graad 7: My Blink ID	Opening / Lofprysing	13/01/2019	So.
	Les 1	20/01/2019	So.
	Les 2	27/01/2019	So.
	Les 3	03/02/2019	So.
	Les 4	10/02/2019	So.
	Les 5	17/02/2019	So.
	Les 6	24/02/2019	So.
	Les 7	03/03/2019	So.
	Les 8 – Kwartaal afsluiting	10/03/2019	So.
	Skole sluit	15/03/201	Vry



24 Blink Idees om kinders te help om hul identiteit in Jesus te ontdek en uit te leef. Speel dit los met 'n speletjie wat raakpunte het met die tema van die dag. Praat dit uit in die saamgesels Bybelstudie. Knoop dit vas in die ID-boekie propvol aktiwiteite en Bid dit deur.

Outeur: Tania Schultz
Illustrasies: Magriet Brink



Jou amazing race begin by die kruis! Sak neer in die wegspringblokke en begin 'n amazing race met hierdie aksie-belaaide lesse wat kinders aanmoedig om voluit aan die Christen-wedloop deel te neem. Bly fiks vir die wedloop deur geestelike oefeninge te doen en gereeld God se Woord-vitamines in te neem. Op julle merke...gereed... Gaan... om die hemelse prys te behaal.

Outeur: Tania Schultz



'n Oorsig vanaf 1 Konings-Maleagi. Wonderwerke en ander WOW-gebeure uit die Woord. Saamdoen idees oor wie ek in Jesus is. In hierdie reeks gaan julle julle eie Survivor hou en die kinders gaan die deelnemers wees! Die reeks se naam is, Survivor Israel, want terwyl die kinders aan lekker Survivor-challenges gaan deelneem, gaan hulle ook in die Bybel kyk hoe die stamme van Juda en Israel, God se spesiale volk, survive het – van Jerusalem na Exile en weer terug.

Outeur: Tania Schultz



Kyk hoe groei my liefde vir God groter en groter. Hierdie reeks wil jong kinders toerus en inspireer om as kinders van God te lewe en die regte dinge te weet, kies en doen sodat hulle geestelik kan groei. groter en sterker, sodat hulle blomme en vrug kan dra wat hulle Here verheerlik.

Outeur: Chrissie Kritzinger
Illustrasies: Magriet Brink



Hierdie reeks wil vensters oopmaak op wie Jesus is, wat Hy kom doen het, vertel het, hoe Hy lewens aangeraak het terwyl Hy op aarde geloop het, en hoe Hy dit steeds kan en wil doen. Op 'n dieper vlak vra ons: "Ken jy vir Jesus?" Het jy 'n persoonlike verhouding met Hom? Is Hy jou Here, jou Held, jou Koning? Is Hy die een na Wie jy draai as jy bang is, bly is, dankbaar of hartseer is? My gebed is dat elke kind wat aan hierdie reeks gaan deelneem, 'n dieper persoonlike verhouding met Jesus sal ontwikkel, sodat elkeen van hulle ook met blink oë van "My Jesus" sal kan praat...

Outeur: Chrissie Kritzinger; Illustrasies: Magriet Brink



Eendag wil ek.... Tydens elke les word 'n beroep bekend-gestel dmv speletjies. by Eendag wil ek 'n brandweerman wees. Eendag was daar... Ons gaan na die Bybel en vertel die verhaal van 'n karakter(s) wat aansluit by die beroep van die dag. bv. Sadrag, Mesag & Abednego in die brandende vuuroond. Vandag is die dag... Na aanleiding van die verhaal word daar gesels oor hoe ons vandag moet leef. Liewe dagboek... Elke kind ontvang 'n aktiwiteits-boek waarin hulle 'n aktiwiteit voltooi.

Outeur: Chrissie Kritzinger



BlinkBen is 'n oulike karretjie wat saam met die kinders op reis gaan. Sy doen en late – én soms streke – bied die aanbieder die geleentheid om geestelike waarhede aan die kleuters oor te dra.

Outeurs: Riana Anderson en Chrissie Kritzinger